## 7 Julie - KONINKRYK (6)

### *Kerkwees in die koninkryk ... wat 'n fees!*

**Skrifgedeelte: Markus 2:13-22**
**Fokusgedeelte: Markus 2:21 & 22**

*"Waarom vas u dissipels nie?"* vra die Fariseërs brom-brom. Hulle is ongelukkig omdat Jesus se dissipels so ligsinnig is. Die Fariseërs en hulle volgelinge neem dinge baie ernstiger op. Dat Jesus by Levi aan tafel sit saam met tollenaars en sondaars (2:15), was al erg genoeg. Dat hulle met al die kos en drank so feesvier, is een te veel.

Jesus is besig met die koninkryk van God (Mark 1:15). Hy bring die koninkryk nie net in woorde nie, maar ook met die daad (1:21 – 2:12). Hierdeur bewys Hy dat God ingrypende beheer het oor alles, ook oor die siektes, oor die onreinheid en die duiwel. Ja, ingrypend beslis, want deur Christus bring Hy totale verandering.

Dit verduidelik Jesus deur twee kort gelykenisse. *"Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie"* (2:21). Die koms van die koninkryk is nie restourasie van die oue nie, maar bring reddend die nuwe. *"Die oue is verby, die nuwe het gekom"* (2 Kor 5:17).

Hy gaan 'n tree verder: *"Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi."* Behalwe dat ons beklee word met die genade van God, word ons ook vervul met die genade van God. Hy beklee ons met Christus en vervul ons met sy Heilige Gees. Bevry van al die laste. is die lewe onder sy regering 'n fees.

As kerk mag ons ten minste vier keer per jaar Nagmaal vier. Ons mag die besondere gemeenskap met ons Bruidegom vier. Net jammer dat ons sovele stroewe gesigte by Nagmaal sien. Is dit dat ons byderwetse vorm van vas, die selfbeproewing, vir ons 'n kwalifikasie is om bruilofsgaste te kan wees? Hiermee kom ons niks verder as die gebrom van die Fariseërs nie.

Of aanvaar ons dat ons deur Christus bruilofsgaste is, en daarom onsself vooraf reg ondersoek? Dan is Nagmaal 'n fees, want ons het Christus en saam met Hom al die seëninge van God (Rom 8:32).

Die lewe in die koninkryk van God is 'n fees.

*Sing: Psalm 63:3 (1936-beryming)* *Ds CA Jansen (Secunda)*